**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. 734/2004

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

en

**PETRUS MACHOLO**

---

**CORAM:** **LOMBARD et WRIGHT, RR**

---

**UITSPRAAK DEUR:** **WRIGHT, R**

---

**GELEWER OP:** **3 JUNIE 2004**

---

Die beskuldigde, ‘n 35-jarige eerste oortreder, is skuldig bevind aan veediefstal van een skaap ter waarde van R400,00 en daarvoor gevonnis tot nege maande gevangenisstraf. Hy is ook skuldig bevind aan die oortreding van artikel 170(1) van Wet 51 van 1977 (versuim om die hof by te woon) en gevonnis tot R100,00 of 50 dae gevangenisstraf. Navraag is gerig omtrent beide vonnisse en wat betref die vonnis ten aansien van aanklag 2, spesifiek met betrekking tot die verhouding tussen boete en die alternatiewe gevangenisstraf.

Die beskuldigde het skuldig gepleit en erken dat hy die skaap geslag het. Hy was honger en het die vleis huis toe gevat om te kook. Op pad na sy huis het die polisie hom gevang en hom toegesluit.

Ter strafversagting het die beskuldigde getuig dat hy besef dat wat hy gedoen het verkeerd is. Hy het verder gemeld dat hy siek is en rugprobleme het en 'n opgeskorte vonnis gevra. Hy het ook vermeld dat hy werkloos is en dat hy getroud is, maar dat sy vrou weggeloop het en dat die kind saam met haar is.

Aan die anderkant het ons hier met 'n ernstige misdaad te doen en word dit besef hoe moeilik dit is om oortreders op te spoor.

Redes is van die landdros aangevra en hy word bedank vir sy redes. In sy redes verwys hy na 'n hersieningsaak wat deur een van my ampsbroers onderteken is en waarin vermeld word dat die gebruiklike vonnis vir "'n geval soos hierdie" ses tot nege maande effektiewe gevangenisstraf is. Die hersiening het egter betrekking op diefstal van <u>twee</u> skape, terwyl ons in die onderhawige saak met een skaap te doen het. Gevangenisstraf van ses maande is die normale vonnis vir 'n oortreding waar een skaap ter sprake is, maar daar kan versagtende omstandighede wees wat 'n ligter vonnis regverdig en ook moontlik verswarende omstandighede. In hierdie geval is daar geen omstandighede wat 'n vonnis van meer as ses maande regverdig nie en bygevolg is die vonnis wat opgelê is sodanig onvanpas dat daarmee ingemeng behoort te word.

Wat die tweede aanklag betref, kan daar slegs verwys word na die beslissing van **<u>S v KAPENG</u> 1992 (1) SASV 596 (O)**. Gevangenisstraf van 50 dae is 'n relatiewe ernstige vonnis in verhouding met 'n boete van R100,00 en is glad nie gepas om so 'n lang tydperk gevangenisstraf op te lê waar daar slegs 'n boete van R100,00 ter sprake is nie.

In die lig van al die omstandighede van die saak word die skuldigbevinding bekragtig, maar beide vonnisse tersyde gestel en vervang met die volgende:

**Aanklag 1 – ses (6) maande gevangenisstraf.**

**Aanklag 2 – R100,00 of 10 dae gevangenisstraf.**

Die vonnisse moet geag word opgelê te gewees het op 22 April 2004.

**G.F. WRIGHT, R**

**EK STEM SAAM**

**D.J. LOMBARD, R**

/scd